basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

| PUNTE | |
|---|---|

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2014**
**GRAAD 2 AFRIKAANS HUISTAAL**
**TOETS**

**PUNTE: 30**

**TYD: 1 UUR**

**PROVINSIE** ____________________

**STREEK** ____________________

**DISTRIK** ____________________

**NAAM VAN SKOOL** ____________________

**EMIS NOMMER (9 syfers)**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |

**KLAS (bv. 2A)** ____________________

**VAN** ____________________

**NAAM** ____________________

**GESLAG (✓)**

| SEUN | | DOGTER | |
|---|---|---|---|

**GEBOORTEDATUM**

| C | C | Y | Y | M | M | D | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

**Hierdie toets bestaan uit 14 bladsye, die voorblad uitgesluit.**

**Inligting aan die onderwyser:**

1. Lees elke vraag stadig en duidelik hoorbaar voor aan die leerders.
2. Lees elke vraag twee keer terwyl die leerders in hul vraestel volg.
3. Laat genoeg tyd toe sodat die leerders onafhanklik die antwoorde in die betrokke spasie kan invul.
4. Sodra die leerders die vraag voltooi het, kan u voortgaan om die volgende vraag te lees.
5. Volg dieselfde prosedure vir elke vraag tot aan die einde van die vraestel.
6. Die vraestel tel 30 punte.
7. Die toegelate tyd vir die toets is 60 minute.

## Praktiese oefeninge

1. Omkring die letter bo die regte antwoord.

   Dit is 'n ...



| A | B | C | D |
|---|---|---|---|
| kat. | koei. | hen. | hond. |

2. Maak 'n X in die regte blok langs die regte antwoord.

Dit is 'n ...



| | |
|---|---|
| kat. | |
| rot. | |
| hond. | |
| koei. | X |

In jou toets sal jy nog vrae kry soos die wat jy reeds beantwoord het.

Die toets begin op die volgende bladsy.

1. Kyk na die prent hieronder.

1.1 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Dit is 'n ...



A skaaf.

B skeer.

C skoen.

D skeur.

1.2 Kyk na die prent en kies die regte woord hieronder.

| | | | |
|---|---|---|---|
| bly | blaar | blokke | blou |



Dit is 'n prent van ..............................

1.3 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Ons eet ... vir ontbyt.

A broek

B brood

C brak

D brei

Lees die storie en beantwoord dan vrae 2-8 hieronder.

Dagbreek Primêre Skool bied 'n rugby-byeenkoms vir al die primêre skole aan. Die graad 2 seuns en -dogters is baie opgewonde.

Die afrigter laat die kinders elke dag oefen. Die afrigter blaas die fluitjie. Elke kind moet bo-oor en onderdeur die bande hardloop, dan moet hulle op die wipmat of op die trampolien spring en dan op 'n stoel sit. Die afrigter sê: "Baie mooi!"

Die seuns en dogters van Dagbreek Primêre Skool het hul wedstryde teen die ander skole gewen. Hulle harde werk is beloon. Hulle was baie opgewonde omdat hulle die groot trofee gewen het.

Die kinders kry elkeen 'n lekkerny by die snoepie. Die afrigter gee vir die kinders skyfies, kaas, vrugteskommels en volgraan brood.

2. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Kies 'n titel (naam) vir die storie wat die beste sal pas.

| | |
|---|---|
| Die skoolwedstryd | |
| Die klaswedstryd | |
| Die rugbywedstryd | |
| Die netbalwedstryd | |

3. Maak'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Wie het die kinders elke dag laat oefen?

| | |
|---|---|
| Die seuns. | |
| Die dogters. | |
| Die hoof. | |
| Die afrigter. | |

4. Voltooi die sin.

............................... Primêre Skool het die rugby-byeenkoms aangebied.

5. Plaas die gebeure van die storie in die regte volgorde.

Nommer die sinne van 1-4 in die regte blokkies.

| | |
|---|---|
| Die kinders het 'n lekkerny gekry. | |
| Dagbreek Primêre Skool het die rugbywedstryd gewen. | |
| Dagbreek Primêre skool het die rugby-byeenkoms aangebied. | |
| Die afrigter het die kinders elke dag laat oefen. | |

6. Maak'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Die kinders het die wedstryd gewen, want ...

| | |
|---|---|
| hulle het elke dag geoefen. | |
| die afrigter het die fluitjie geblaas. | |
| die kinders was baie opgewonde. | |
| hulle het 'n lekkerny by die snoepie gekry. | |

7. Maak'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Die seuns en dogters was baie opgewonde, want ...

| | |
|---|---|
| hulle het elke dag geoefen. | |
| hulle het die groot trofee gewen. | |
| die afrigter het hulle gehelp. | |
| hulle het nie 'n lekkerny by die snoepie gekry nie. | |

8. Beantwoord die vrae hieronder.

Skryf die antwoord op die lyn neer.

8.1 Waarvan in die storie het jy gehou of nie gehou nie?

.............................................................................................................

.............................................................................................................

8.2 Gee 'n rede vir jou antwoord.

.............................................................................................................

.............................................................................................................

9. Omkring die letter langs die regte antwoord.
Watter woord beteken dieselfde as mooi?

A gaaf

B goed

C beste

D pragtig

10. Skryf die regte antwoord op die lyn neer.

Die teenoorgestelde van groot is ..........................

11. Omkring die letter langs die regte antwoord.

11.1 'n Nare ...oom sal jou laat skree.

A r

B vr

C dr

D str

11.2 Die kinders spring op die ...oel.

A br

B st

C str

D tr

12. Bestudeer die grafiek en beantwoord dan die vrae.

| Graad 2 Koekverkoping | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5 | |  | | | |
| 4 | |  | | |  |
| 3 | |  | |  |  |
| 2 |  |  | |  |  |
| 1 |  |  |  |  |  |
| Dae | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |

12.1 Omkring die letter langs die regte antwoord.
Op watter dag is die meeste koek verkoop?

A Maandag

B Dinsdag

C Woensdag

D Donderdag

12.2 Omkring die letter langs die regte antwoord.
Op watter dag is die minste koek verkoop?

A Maandag

B Dinsdag

C Woensdag

D Donderdag

12.3 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Watter graad het koekverkoping gehou?

A 3

B 4

C 1

D 2

13. Omkring die letter langs die regte antwoord.
Die afrigter het ... gehelp.

A julle s'n

B ek

C hulle

D ons s'n

14. Skryf die volgende sinne oor.

Begin met die woorde wat gegee is.

14.1 Lebo speel met haar hond.

Gister ..........................................................................................

14.2 Johan lees 'n boek.

Môre ..........................................................................................

15. Skryf die sinne oor.

15.1 Vul **twee** leestekens by die sin hieronder in.

Karel eet elke week vleis vrugte en groente

..........................................................................................

15.2 Vul **een** leesteken by die sin hieronder in.

Hou jy van rugby

..........................................................................................

16. 'n Selfstandige naamwoord is iets waaraan jy kan vat, sien of voel.

Kyk na die prent en vul die selfstandige naamwoord in.

Sy het 'n mooi  ...................... aan.

17. Skryf 'n paragraaf van 5-8 sinne oor die prent.



..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

..........................................................................................

TOTAAL: 30